

## **Rondloperhonde: Dingo's van die Oos-Kaap?**

### **April 2024**

Tisha Steyn

Rondloperhonde raak al meer 'n las vir skaap- en bokboere op kommunale landbougrond in die landelike gebiede van die Oos-Kaap.

“Die probleem word heeltemal onderskat en het dringend ingryping nodig,” se Niel Viljoen van Livestock and Predation Management in sy 2024 verslag wat pas bekend gestel is.

Viljoen is bekommerd oor die moontlikheid dat hierdie honde in die natuur sal begin aanteel en dat die rondloperhonde se getalle onbeheers sal toeneem.

“Dan sit ons met 'n tweede Australiese dingo's, wat dit onmoontlik gaan maak om hierdie diere te beheer of te bestuur. As daar nie spoedig opgetree word nie, kan dit daartoe lei dat die rondloperhonde jaarliks verdriedubbel.

“Dit sal nie net tot groter veeverliese lei nie, maar kan ook tot meer uitbreke van hondsdolheid lei wat menselewens in gevaar kan stel.”

### **Jakkalse en rooikatte gee pad**

Volgens Viljoen dui die inligting daarop dat dit rondloperhonde eerder as wilde predatore is wat tot die meeste verliese lei.

Jakkalse en rooikatte is die twee belangrikste wilde predatore wat in die meeste ander omgewings skade aan ommersiële boere se vee aanrig, maar hulle gee pad uit dié oorbevolkte en oorbeweide kommunale gebiede om hulle heil eerder in ekosisteme met 'n gesonder biodiversiteit te gaan soek.

Die rondloperhonde sluit honde in wat wild geword het en in troppe jag, maar ook honde met 'n huis en 'n baas wat sonder toesig rondloop en bydra tot die probleem.

“Die situasie met die rondloperhonde in die gemeenskaplike gebiede word heeltemal onderskat en daar moet so gou moontlik dringend aandag hieraan gegee word,” sê Niël.

“As hierdie honde eers in die veld begin aanteel en hul kleintjies daar grootmaak – en daar is aanduidings dat dit reeds besig is om te gebeur – is dit te laat, want dan gaan dit bykans onmoontlik wees om die probleem op te los. Die honde sal nie gesteriliseer of teen ernstige siektes, soos hondsdolheid, ingeënt kan word nie.

“Dit kan daartoe lei dat hierdie honde mense en veral kinders aanval. Die situasie kan ontaard in nog 'n mensgemaakte roofdier soos die dingo soos wat in Australië gebeur het,” sê hy.

### **Dingo's**

Toe die eerste Britse koloniste in 1788 in Australië aankom, was die dingo's reeds daar en die oudste oorblyfsels dateer sowat 4500 jaar terug.

Namate landbou uitgebrei het, is die dingo's, wat naas inheemse Australiese wild ook skape en beeste vang, beperk deur die sogenaamde dingo-heining wat hulle veral uit skaapwêreld hou. Hulle is in die gebiede grotendeels uitgeroei deur ontbossing, vergiftiging en deur hulle te vang sodat hulle vandag in groot dele van vasteland afwesig is.

Oor die algemeen vermy dingo's kontak met mense en beserings tydens aanvalle is gering. Maar daar was ook al dodelike aanvalle, soos in die geval van die twee maande-oue Azaria Chamberlain wat in 1980 in die Noordelike Gebied aangeval en doodgebyt is.

### **Monitorplaas: Inligting en opleiding**

Niël se bevindings berus op inligting wat bekom is tydens inligting- en opleidingsessies by Mount Fletcher, waar die eerste en enigste monitorplaas tot dusver in die Oos-Kaap se kommunale gebiede in 2022 tot stand gekom het.

Niël en sy veldwerkers werk nou saam met dié veeboere om inligting oor hulle probleme met roofdiere te kry. As die boere die gedrag van die predatore verstaan, kan 'n plan gemaak word om hulle te help om hul vee en die roofdiere so te bestuur dat veeverliese beperk word.

Tydens 'n opleidingsdag vir die boere in Oktober 2023 is die impak van rondloperhonde op die boere se vee uitgelig.

“Die Mount Fletcher-monitorplaas het juis tot stand gekom om die oorsaak van predasieverliese vas te stel,” sê Leon de Beer, voorsitter van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) “Die omvang van die skade wat die honde aanrig moet nog oor tyd bepaal word.”

Die NWKV het monitorplase landwyd inisieer ter wille van die kweek van gehalte wol en sybokhaar. Die projek word ook ondersteun deur Predation Management South Africa (PMSA), die AgriSETA, en die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO).

### **Waarde van goeie vee- en roofdierbestuur**

Die Oos-Kaapse kommunale boere, waarvan daar in 2022 1 400 groepe bestaande uit 40 000 individuele boere met 240 000 afhanklikes bestaan het, dra tans tot sowat 'n vyfde van die nasionale wolskeersel by. In 2022 het hulle met 4 miljoen skape geboer wat tydens daardie boekjaar 8 miljoen kg wol gelewer het.

Volgens Leon help NWKV die boere om meer wol van beter standaard te lewer deur middel van 'n program vir genetiese verbetering, asook die skep van die vyf nuwe skeerhuise in die kommunale gebiede, toegang tot die formele mark en beter pryse vir hul produk.

“Om finansiëel onafhanklik te wees moet hierdie kommunale boere meer lammers produseer en hulle veilig grootmaak om te kan verkoop. Dit help nie miljoene rande word bestee aan die verbetering van die wolstandaard en -produksie as daar nie na die bedreiging van die lammers omgesien word nie,” sê Niël.

### **Plan van aksie**

Die samewerking van verskeie instansies is nodig om die kwessie van rondloperhonde aan te spreek.

### **Vanghokke**

Die kommunale veeboere in die gebied ontvang gereeld opleiding by die vyf skeerhuise wat in samewerking met privaatinstansies vir hulle opgerig is. Tussen 12 en 15 Februarie vanjaar is opleidingsessies by die skeerhuise by Sterkspruit, Matatiele, Butterworth, Lady Frere en Middeldrift aangebied, wat deur altesaam 152 kommunale boere bygewoon is. Die doel van die opleiding is om die boere te help om die gedrag van predatore te verstaan. “As hulle die kwaaddoeners kan identifiseer, kan ‘n bestuursprogram voorgestel en toegepas word,” sê Niël.

“Om daagliks tussen hierdie boere te werk, hulle stryd te ervaar en die faktore te verstaan wat hulle voortbestaan, geldelike vooruitgang en hulle vermoë om hulle volle potensiaal as suksesvolle, gevestigde en gerespekteerde veeboere ondermyn, is ‘n groot uitdaging.”

Volgens hom is twee vanghokke aan die boere geskenk en hulle is gewys hoe om die hokke te gebruik om die rondloperhonde te vang. Die vanghokke word tussen die verskillende skeerhuise gedeel en die aantal honde wat reeds gevang is, het die bedreiging opnuut bevestig.

### **Samewerking nodig**

“Die owerhede sal ook betrek moet word om die uitdaging van rondloperhonde aan te spreek, nie alleen in kommunale gebiede nie, maar ook in baie dorpe in die platteland waar geen beheer oor honde bestaan nie,” sê Leon.

Volgens Niël moet die volgende kwessies dringend deur verskeie instansies aangespreek word:

- Alle eienaars van honde moet hulle verantwoordelikheid vir hulle honde verstaan en aanvaar;
- Die boere moet opgelei en gehelp word om die rondloperhonde met die vanghokke te vang;
- Die plaaslike polisie moet help om die rondloperhonde op te spoor en te verwyder;
- Geld is nodig om plaaslike veeartse te kry om die honde te steriliseer.

Volgens hom behoort die Nasionale Dierbeskermingsvereniging (NDBV) wat nie meer in die gebied werksaam is nie, terug te kom om te help met die situasie.

### **NDBV: ‘Dis munisipaliteit se werk’**

Volgens Jacques Peacock, van openbare betrekkinge en regsakeling van die Nasionale Dierbeskermingsvereniging (NDBV), hou die instansie se mandaat

verband met dieremishandeling ingevolge die Wet op Dierebeskerming 71 van 1962, wat sekere menslike gedrag teenoor diere kriminaliseer.

“Rondloper- en plunderende diere is die verantwoordelikheid van elke individuele munisipaliteit. Ons plaaslike DBV's in die Oos-Kaap is altyd gereed om met hierdie sake help, maar daar is geen gesag om met 'n 'plan van aksie' vorendag te kom en of uit te voer nie – dit berus by die munisipaliteit.”

Volgens hom is die oplossing oor die kort termyn, om rondloperhonde te skut. “Oor die medium- en langtermyn het die DBV nog altyd gepleit vir strengere regulering ten opsigte van onoordeelkundige teling en sterilisasie om te verseker dat die probleem nie vererger nie.”

Jacques is ook bekommerd oor die moontlikheid dat die diere nie bloot rondloperhonde is nie, maar spesifiek in die gebiede gebruik word om kleinwild en vee te vang. “Onwettige jag met honde is algemeen in Suid-Afrika en bewustheid moet geskep word om dit te bekamp.”

### **Karkasse langs paaie**

Die voorkoms van groot getalle diere wat doodgery word op paaie is ook 'n bekommernis.

“Honde en vee moet weggehou word van die nasionale paaie,” sê Niël. “Skokkende tonele van dooie honde, beeste en perde wat doodgery is en wat langs die paaie lê, is ontstellend, maar meer nog so die mense wat stukke vleis van die dooie diere afsny. Dit hou 'n ernstige gesondheidsrisiko vir mense in.”

Hy meen die departement van gesondheid moet die gemeenskap dringend inlig oor die gevare daarvan om die vleis van hierdie diere te eet.

Hy meen ook die munisipaliteite wat daarvoor verantwoordelik is om die dooie diere te verwyder, moet dit doen sodra dit aangemeld word. 'n Hulplynnommer wat langs die paaie aangebring word, sal motoriste in staat stel om die owerhede oor sulke karkasse in te lig.

“Ten einde die gemeenskappe van die kommunale gebiede se gesondheid en welstand te bevorder moet die kwessie van rondloperhonde dringend aangespreek word,” aldus Niël.

### **Kontakbesonderhede**

Kontak Niël Viljoen by [nielviljoen@gmail.com](mailto:nielviljoen@gmail.com)

Kontak die Nasionale Wolkwekersvereniging by [nwga@nwga.co.za](mailto:nwga@nwga.co.za)

### **Bronverwysings**

*Dingo* (2024) Wikipedia

<https://en.wikipedia.org/wiki/Dingo>

Genis, A. (2022)

*Kommunale boere produseer amper vyfde van SA se wol.* Landbouweekblad  
<https://www.pressreader.com/south-africa/landbouweekblad/20220630/281827172448382>

Uys, F. (2021) *Wol: Kommunale boere kan groot vonk wees.* Landbou.com  
<https://www.landbou.com/landbou/bedrywe/diere/wol-kommunale-boere-kan-groot-vonk-wees-20211105>

Viljoen, N. (2024) *Report: Livestock & Predation Management 2008 – 2023*  
<https://pmfsa.co.za/wp-content/uploads/2024/04/Niel-Viljoen-the-predation-factor-2008-2023.pdf>

### **Byskrifte**

Niel 1: Op heterdaad betrap: 'n Rondloperhond wat in 'n vanghok in die kommunale boerderygebied van die Oos-Kaap gevang is. (Bron: Niël Viljoen)

Niel 2: Niël Viljoen lei boere in die kommunale boerderygebiede van die Oos-Kaap op om roofdiere wat hul vee aanval te identifiseer sodat 'n bestuursplan vir die vee- en roofdierbestuur saamgestel kan word. (Bron: Niël Viljoen)

Niel 3: Rondloperhonde by 'n skaapkarkas langs 'n openbare pad. Die honde vang vee maar aas ook langs die paaie waar diere doodgery word. (Bron: Niël Viljoen)

Niel 4: Niël Viljoen doen die afgelope 16 jaar navorsing op vee- en roofdierbestuur ten einde veeboere te help om veeverliese te verminder. (Bron: Niël Viljoen)

Niel 5: Rooijakkalse wat in troppe jag kan ook groter vee soos volwasse skape vang. (Bron: Niël Viljoen)

Niel 6: Rooikatte en jakkalse gee pad uit die kommunale boerderygebiede van die Oos-Kaap en wyk uit na ekosisteme met 'n meer gebalanseerde biodiversiteit. (Bron: Niël Viljoen)

Niel 7: Niël Viljoen en sy veldwerkers werk nou saam met dié veeboere om inligting oor hulle probleme met roofdiere te kry sodat 'n bestuursplan vir elke unieke omgewing geformuleer kan word. (Bron: Niël Viljoen)

Niel 8: Outydse herders wat voltyds saam met hulle vee is, is die beste teenvoeter vir veeverliese, maar dis nie altyd haalbaar nie. (Bron: Herding Academy)

Niel 9: 'n Skaap wat deur 'n rondloperhond gevang is, is nie 'n mooi prentjie nie. Rondloperhonde wat vee vang is 'n probleem wat dringend aangespreek moet word. (Bron: Joseph Steyn)

Niel 10: Twee vanghokke is aan die kommunale boere geskenk en hulle is gewys hoe die hokke werk sodat hulle die rondloperhonde daarmee kan vang. (Bron: Niël Viljoen)